134. Where the Board undertakes an investigation to determine the suitability of an applicant for the granting of any licence, registration or authority required under Chapter 13, 14, 15 or 16, or for approval of a computerised record keeping system, the applicant must pay to the Board the amount calculated by the Board to be the **[actual]** cost to the Board of undertaking such investigation including the costs incurred in respect of the time spent by employees of the Board while conducting the investigation where these appear as a tariff in Schedule 2.”.

Amendment of section 137 of Act 8 of 2010

48. Section 137 of the principal Act is hereby amended –

(a) by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

“[Horse Racing and Betting] Transformation Fund

137.(1) There is hereby established a fund to be known as the **[Horse Racing and Betting] Transformation Fund.**”;

(b) by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

“(2) Any funds intended for the development of sport and held in trust by the committee established in terms of section 21A of the Regulation of Racing and Betting Ordinance, 1957 (Ordinance No. 28 of 1957), must, on the day on which this Act comes into operation, be paid into the **[Horse Racing and Betting] Transformation Fund** established under this section.”;

(c) by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

“(3) The responsible Member of the Executive Council may, out of monies appropriated by the Provincial Legislature for that purpose and subject to such terms and conditions as he or she may impose, make grants to the **[Horse Racing and Betting] Transformation Fund.**”;

(d) by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

"(4) The assets of the **[Horse Racing and Betting]** Transformation Fund must, subject to the prior approval of the responsible Member of the Executive Council, be utilized for the purposes of realising the objects of the Board contemplated in section 6 (1) (c), (d) and (e).";

(e) by the substitution for subsection (5) of the following subsection:

"(5) The Board must open and maintain a separate banking or savings account at a banking institution in the Province and must deposit therein all monies accruing to the **[Horse Racing and Betting]** Transformation Fund from any source.";

(f) by the substitution for subsection (6) of the following subsection:

"(6) The interest on monies deposited in terms of subsections (3) and (4) must accrue to the **[Horse Racing and Betting]** Transformation Fund.";

(g) by the substitution for subsection (7) of the following subsection:

"(7) The Board must keep separate and proper accounting records in respect of the **[Horse Racing and Betting]** Transformation Fund, containing particulars of any money or interest on money received and any money paid.";

(h) by the substitution for subsection (8) of the following subsection:

"(8) No amount standing to the credit of the **[Horse Racing and Betting]** Transformation Fund forms part of the assets of the Board or may be attached on behalf of a creditor or creditors of the Board."; and

(i) by the substitution for subsection (9) of the following subsection:

"(9) The accounting and other related records of the **[Horse Racing and Betting]** Transformation Fund must, at the expense of the Board, be audited by the Auditor-General.".

Amendment of section 146 of Act 8 of 2010

49. Section 146 of the principal Act is hereby amended –

(a) by the substitution for paragraph (s) of the following paragraph:

"(s) the regulation and control of amusement machines, as contemplated in the National Gambling Act; **[and]**";

(b) by the substitution for paragraph (t) of the following paragraph:

"(t) any other matter which is necessary in order to give effect to the objects

and purposes of this Act and the KwaZulu-Natal Gaming and Betting Tax Act, 2010 (Act No. 9 of 2010)[.]; and

(c) by the insertion after paragraph (t) of the following paragraphs:

"(u) the maximum number of any type of licence that may be issued by the Board; and

(v) limitations on the proximity of any one type of gaming or betting outlet to the same or any other type of gaming or betting outlet."

Short title

50. This Act is called the KwaZulu-Natal Gaming and Betting Amendment Act, 2017.

KENNISGEWING 6 VAN 2017

[Engelse teks deur die Premier geteken]

**KWAZULU-NATAL
WYSIGINGSWET OP DOBBELARY EN WEDDERY, 2017
(No. 04 van 2017)**

Goedgekeur op 03-10-2017

WET

Om die KwaZulu-Natal Wet op Dobbelary en Weddery, 2010, te wysig, om sodoende tekstuele wysigings te bewerkstellig; om nuwe omskrywings en nuwe bepalings in te voeg; en om vir aangeleenthede wat daarmee verband hou voorsiening te maak.

DAAR WORD soos volg deur die Provinsiale Wetgewer van die Provinsie van KwaZulu-Natal bepaal:-

Wysiging van artikel 1 van Wet 8 van 2010

1. Artikel 1 van die KwaZulu-Natal Wet op Dobbelaar en Weddery, 2010 (Wet No. 8 van 2010), hierna verwys na as die Hoofwet, word hiermee gewysig –

(a) deur die invoeging na die omskrywing van “**ander gebeurtenis of gebeurlikheid**” van:

“**assessering van nakoming**” assessering van nakoming soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Die Nasionale Reguleerder vir Verpligte Spesifikasies, 2008 (Wet No. 5 van 2008);

“**assessering van nakoming diensverskaffer**” ’n persoon wat nakomingsassesserings onderneem namens die Nasionale Reguleerder vir Verpligte Spesifikasies, ingevolge ’n ooreenkoms aangegaan deur sodanige persoon en die Nasionale Reguleerder vir Verpligte Spesifikasies;”;

(b) deur die vervanging van die omskrywing van “beroepswedder” deur die volgende omskrywing:

“**beroepswedder**” ’n persoon [wat] ingevolge artikel 94 gelisensieer [is] om aanbiedinge of wedgeld te aanvaar by die proses van die aangaan van weddenskappe op perdewedrenne, sport, sportgebeurtenisse of enige ander gebeurtenisse of gebeurlikhede, of op ’n kombinasie van sodanige perdewedrenne, sport, sportgebeurtenisse, ander gebeurtenisse of gebeurlikhede;”;

(c) deur die vervanging van die omskrywing van “bingo” deur die volgende omskrywing:

“**bingo**” ’n spel, [wat as ’n groepsaktiwiteit gereël word, waarin verskeie spelers teen mekaar wedywer, met inbegrip van ’n spel wat] hetsy volkome, of gedeeltelik **gespeel** volgens elektroniese metodes[, **tradisionele metodes**] of andersins –

(a) vir vergoeding [**gespeel word**], deur kaarte of ander toestelle te gebruik, ingesluit toestelle wat kaarte voorstel –

(i) wat in ruimtes verdeel word wat elk oor ’n ander nommer, prentjie of simbool beskik; en

(ii) [**met**] sodanige nommers, prentjies of simbole wat willekeurig gerangskik is sodat elke kaart of [**soortgelyke**] toestel ’n unieke stel nommers, prentjies of simbole bevat;

(b) waartydens [n **operateur of aankondiger**] h reeks nommers, prentjies of simbole in 'n willekeurige volgorde uitgeroep of vertoon word en [die spelers elke sodanige nommer, prentjie of simbool] sodanige nommers, prentjies of simbole vergelyk word op die kaart of toestel [vir ooreenstemming vergelyk terwyl] soos dit uitgeroep of vertoon word; en

(c) waartydens die speler wie se [ruimtes op die] kaart of toestel die eerste is waarop al die ruimtes ooreenstem, of op wie se kaart of toestel h spesifieke stel nommers, prentjies of simbole [op die kaart of toestel] ooreenstem, h prys of pryse wen,

of enige ander soortgelyke spel wat as bingo verklaar is in ooreenstemming met artikel 6(4)(b) van die Nasionale Dobbeltwet, 2004 (Wet No. 7 van 2004);”;

[(d) deur die invoeging na die omskrywing van “bingolisensie” van die volgende omskrywing:

“bingositplek” beteken een dobbelposisie in 'n bingosaal, wat nie 'n dobbelposisie is nie, verbind aan 'n elektroniese bingoterminal;”;

[(e)](d) deur die invoeging na die omskrywing van “dobbeltjurisdiksie” van die volgende omskrywing:

“dobbelposisie” beteken –

(a) h dobbelmasjien ontwerp vir gebruik deur h enkel natuurlike persoon;

(b) h dobbelmasjienkomponent ontwerp vir gebruik deur meer as een natuurlike persoon, wat deelname aan dobbel deur h enkel natuurlike persoon fasiliteer;

(c) h dobbeltoerustingskomponent wat deelname aan dobbel deur h enkel natuurlike persoon fasiliteer; of

(d) h sit- of staanplek op h gelisensieerde perseel wat deelname aan dobbel deur h enkel natuurlike persoon fasiliteer;”;

[(f)](e) deur die vervanging van die omskrywing van “finansiële belang” deur die volgende omskrywing:

“finansiële belang” –

(a) h reg of aanspraak om in winste of inkomste te deel;

[(b) 'n saaklike reg ten opsigte van eiendom van h maatskappy, korporasie of besigheid;] of

[(c)](b) 'n saaklike of persoonlike reg in eiendom wat deur 'n maatskappy, korporasie of besigheid gebruik word; [of]

[(d) 'n regstreekse of onregstreekse belang in die stemdraende aandele, of stemreg gekoppel aan aandele, van 'n maatskappy, of 'n belang in 'n beslote korporasie;] en

[(e)](c) sluit nie in nie –

(i) 'n onregstreekse belang gehou in enige fonds of belegging, indien die persoon wat daardie belang hou geen beheer het oor die beleggingsbesluite, ten opsigte van daardie fonds of belegging, wat gemaak word nie; of

(ii) enige aanspraak op inkomste opgeloop tot 'n persoon ingevolge 'n kontrak vir die verskaffing van goedere of dienste aan 'n lisensiehouer of geregistreerde;”;

[(g)](f) deur die vervanging van die omskrywing van “geregistreerde” deur die volgende omskrywing:

“**geregistreerde**” 'n persoon wat 'n geldige registrasiesertifikaat of tydelike registrasiesertifikaat hou wat ingevolge hierdie Wet uitgereik is;”;

[(h)](g) deur die vervanging van die omskrywing van “korporatiewe liggaam” deur die volgende omskrywing:

“**korporatiewe liggaam**” 'n maatskappy wat ingevolge die Maatskappywet, [1973] 2008 (Wet No. [61] 71 van [1973] 2008), geregistreer is, 'n vennootskap [, of wat ingevolge die Ordonnansie op die Regulering van Wedrenne en Weddery, 1957 (Ordonnansie No. 28 van 1957) tot stand gekom het,] of 'n beslote korporasie wat ingevolge die Wet op Beslote Korporasies, 1984 (Wet No. 69 van 1984) geregistreer is;”;

[(i)](h) deur die invoeging na die omskrywing van “lisensiehouer” van die volgende omskrywing:

“**magtigingsbrief-sertifikaat**” 'n sertifikaat uitgereik deur die Nasionale Reguleerder vir Verpligte Spesifikasies, soos bedoel in artikel 5(2)(f) van die Wet op die Nasionale Reguleerder vir Verpligte Spesifikasies, 2008 (Wet No. 5 van 2008), wat toelaat dat handelsware en produkte verkoop word of dienste verskaf word;”;

[(j) deur die skapping van die omskrywing van “Nasionale Perdewedrenowerheid”;]

[(k)](i) deur die invoeging na die omskrywing van “magtigingsbrief-sertifikaat” van

die volgende omskrywing:

“NRVS” die Nasionale Reguleerder vir Verpligte Spesifikasies van Suid-Afrika ingestel deur artikel 3(1) van die Wet op die Nasionale Reguleerder vir Verpligte Spesifikasies, 2008 (Wet No. 5 van 2008);;

[(l)](i) deur die vervanging van die omskrywing van “onafhanklike perseeloperateur” deur die volgende omskrywing:

“onafhanklike perseeloperateur” ’n perseeloperateur wat nie aan ’n roeteoperateur gekoppel is nie en wat gelisensieer is om beperkte uitbetaalmasjiene op ’n [enkel]perseel te [besit en] bedryf [en verantwoordelik is vir instandhouding van die masjiene, insameling van gelde en betaling van die toepaslike belasting en heffings] ;;

[(m)](k) deur die skraping van die omskrywing “Perdewedren- en Weddenskaptransformasiefonds”;

[(n)](l) deur die vervanging van die omskrywing van “perseeloperateur” deur die volgende omskrywing:

“perseeloperateur” ’n persoon wat gemagtig is om beperkte uitbetaalmasjiene [op sy of haar perseel] aan te hou en te bedryf ingevolge ’n lisensie wat ooreenkomstig hierdie Wet uitgereik is;;

[(o)](m) deur die vervanging van die omskrywing van “persoon” deur die volgende omskrywing:

“persoon” ’n natuurlike [of regs] persoon [, ’n groep van sodanige persone] of ’n korporatiewe liggaam, tensy die samehang ’n ander bedoeling aandui;;

[(p)](n) deur die vervanging van die omskrywing van “publiseer” deur die volgende omskrywing:

“publiseer” ook, tensy die samehang ’n teenstrydige bedoeling aandui, om te vertoon, te sirkuleer, aan te kondig of te laat vertoon of sirkuleer of aankondig op enige wyse hoegenaamd;;

[(q)](o) deur die vervanging van die omskrywing van “renbaanoperateur” deur die volgende omskrywing:

“renbaanoperateur” ’n korporatiewe liggaam, of liggame, wat ingevolge artikel 89 gelisensieer is om wedrenbyeenkomste by een of meer renbane te hou [en is ’n term wat verwys na die drie tipes renbaanoperateurs bedoel in artikel 89(1) van die Wet, synde –

(a) die operateur van ’n eksklusiewe reg-renbaan soos bedoel in

artikel 89(1)(a);

(b) die operateur van 'n standaardgeteelde renbaan soos bedoel in artikel 89(1)9(b); en

(c) die operateur van 'n tuiqwedren-renbaan soos bedoel in artikel 89(1)(c);”];

[(r)](p) deur die vervanging van die omskrywing van “roete-operateur” deur die volgende omskrywing:

“”roete-operateur” ’n persoon wat ingevolge hierdie Wet gelisensieer is om beperkte uitbetaalmasjiene aan perseeloperateurs te verskaf en om ander voorgeskrewe aktiwiteite te onderneem;”;

[(s)](q) deur die invoeging na die omskrywing van “SABS” van die volgende omskrywing:

“”SANS” ’n Suid-Afrikaanse Nasionale Standaard goedgekeur deur die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde in ooreenstemming met die Standaardwet, 2008 (Wet No. 8 van 2008);”;

[(t)](r) deur die invoeging na die omskrywing van “sportweddenskap” van die volgende omskrywings:

“”standaardgeteelde perd” ’n perd wat ’n afstammeling is van die perd bekend as Rysdyk’s Hambletonian, wat in 1849 in die Verenigde State van Amerika gevul is en wat beskou word as die stamvader-dekhings van die ras;”;

“”standaardgeteelde perdewedren” ’n tuiqwedren-perdewedren, anders as ’n tuiqwedren-perdewedren waarin slegs standaardgeteelde perde kan meeding, gery deur ’n natuurlike persoon, teen ’n galop, ’n drafstap of ’n pas: Met dien verstande dat ’n perdewedren waarin enige ander perderas meeding teen ’n galop, ’n drafstap of ’n pas by ’n renbaan wat bedryf word deur ’n gelisensieerde operateur van ’n standaardgeteelde renbaan, beskou word as ’n standaardgeteelde perdewedren vir die doeleindes van hierdie Wet;”;

“”sulky” wanneer gebruik word as ’n selfstandige naamwoord, ’n tweewielkarretjie, met ’n enkel sitplek vir die drywer, wat getrek word deur ’n standaardgeteelde perd in ’n tuiq-perdewedren;”;

[(u)](s) deur die vervanging van die omskrywing van "totalisatoragent" deur die volgende omskrywing:

"totalisatoragent" 'n persoon wat kragtens kontraktuele bepalings wat nie 'n indiensnemingskontrak uitmaak nie en, ingevolge artikel 111(1)(b)(ii), deur 'n totalisatorlisensiehouer aangestel word om 'n agentskap van [die betrokke] daardie totalisatorlisensiehouer [te bestuur en] te bedryf;

[(v)](t) deur die invoeging na die omskrywing van "totalisatoragent" van die volgende omskrywing:

"totalisatoragentskap" totalisatorperseel vanwaar 'n totalisatoragent 'n agentskap van 'n totalisator bedryf, ingevolge 'n ooreenkoms tussen 'n totalisatorgelisensieerde en sodanige totalisatoragent;

[(w)](u) deur die invoeging na die omskrywing van "totalisatorperseel" van die volgende omskrywing:

"Transformasiefonds" die fonds ingestel ingevolge artikel 137 van die Wet;

[(x)](v) deur die invoeging na die omskrywing van "totalisatorperseel" van die volgende omskrywing:

"tuigwedren-perdewedren" 'n perdewedren waaraan slegs standaardgeteelde perde kan deelneem, op 'n drafstap of pas, hetsy gery onder die saal deur 'n natuurlike persoon, of gedryf deur 'n drywer op 'n "sulky" wat deur die perd getrek word: Met dien verstande dat 'n perdewedren waarin enige ander perderas meeding op 'n galop, drafstap, of pas, by 'n renbaan bedryf deur 'n gelisensieerde tuigwedren-perdewedren-renbaanoperator, beskou word as 'n tuigwedren-perdewedren vir die doeleindes van hierdie Wet; en

[(y)](w) deur die invoeging na die omskrywing van "vergoeding" van die volgende omskrywings:

"verpligte spesifikasie" 'n verpligte spesifikasie soos omskryf in artikel 1 van die Wet op die Nasionale Reguleerder vir Verpligte Spesifikasies, 2008 (Wet No. 5 van 2008);

"volbloedperd" 'n perd wat afstam van een van die drie perde wat bekendstaan as die Byerley Turk, die Darley Arabian en die Godolphin Arabian;

“volbloedperdewedren” ’n perdewedren waarin slegs ’n volbloedperd, gery deur ’n natuurlike persoon, mag meeding.”.

Wysiging van artikel 6 van Wet 8 van 2010

2. Artikel 6 van die Hoofwet word hiermee gewysig –

(a) deur die vervanging van paragraaf (c) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf:

“(c) geleenthede te bevorder vir [voorheen benadeelde] persone bedoel in die omskrywing van “breedgebaseerde swart ekonomiese bemagtiging”, soos vervat in die Wet op die Breedgebaseerde Swart Ekonomiese Bemagtiging, 2003 (Wet No. 53 van 2003), om deel te neem in die [perdewedren- en weddenskapbedryf] dobbelbedryf van die Provinsie in die hoedanigheid van [enige van die persone vereis om gelisensieer of geregistreer te word ingevolge artikel 89, 94, 103, 110 of 111] lisensiehouers of geregistreerdes, kragtens die Wet;”;

(b) deur die vervanging van paragraaf (d) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf:

“(d) die eienaarsbelang van [voorheen benadeelde] persone bedoel in die omskrywing van “breedgebaseerde swart ekonomiese bemagtiging”, soos vervat in die Wet op die Breedgebaseerde Swart Ekonomiese Bemagtiging, 2003 in die [perdewedren- en weddenskapbedryf] dobbelbedryf van die Provinsie te verhoog;”;

(c) deur die skraping van subartikel (2)[;]. [en

(d) deur die invoeging na subartikel (3) van die volgende subartikel:

“(4) Die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad kan bevele met betrekking tot die volgende aangeleenthede aan die Raad rig ten opsigte van –

(a) enige werklike of beoogde dobbelverwante beleidsverandering afkomstig vanaf die nasionale regeringsvlak;

(b) enige werklike of beoogde dobbelverwante beleidsverandering afkomstig vanaf die Uitvoerende Raad of die Departement,

ten einde enige projek of hofaksie te wysig, ophef of staak.”.]

Wysiging van artikel 7 van Wet 8 van 2010**3. Artikel 7 van die Hoofwet word hiermee gewysig –**

(a) deur die vervanging van paragraaf (q) van subartikel (2) deur die volgende paragraaf:

“(q) ’n persoon wat kragtens artikel [89,] 94 of 110 gelisensieer is, [ingevolge artikel 121] magtig, met of sonder voorwaardes, of ’n aansoek, gemaak soos voorgeskryf, om tydelik wedtransaksies vir ’n vasgestelde tydperk by [die] enige plek in die Provinsie [van ’n sport- of ander gebeurtenis] te onderneem, weier;” en

(b) deur die vervanging van subparagraaf (iii) van paragraaf (g) van subartikel (3) deur die volgende paragraaf:

“(iii) alle casinodobbeltouersting of elke casinodobbeltouersting of beperkte uitbetaaltouersting wat gebruik word, of vir gebruik beskikbaar gestel word, deur [middel van] ’n lisensiehouer [geregistreer en gesertifiseer is ingevolge die Nasionale Dobbelwet] voldoen aan ’n toepaslike verpligte spesifikasie en deur die Raad geregistreer is by die uitreiking van ’n geldige magtigingsbrief-sertifikaat.”.

Wysiging van artikel 8 van Wet 8 van 2010**4. Artikel 8 van die Hoofwet word hiermee gewysig deur die vervanging van subartikel**

(4) deur die volgende subartikel:

“(4) Die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad [kan] moet [’n amptenaar] een of meer amptenare binne [van] die Departement verantwoordelik vir dobbelary- en wedderyaangeleenthede in die algemeen en vir aangeleenthede wat uitdruklik betrekking het op die Raad, as sy of haar [verteenwoordiger] verteenwoordigers op die Raad aanstel wat –

(a) skakeling tussen die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad en die Raad moet fasiliteer;

(b) van tyd tot tyd aan die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad moet rapporteer oor aangeleenthede wat hy of sy as toepaslik beskou;

(c) vergaderings van die Raad mag bywoon en aan besprekings deelneem, maar wie nie oor stemreg beskik wanneer die Raad ’n besluit neem nie[;]. [en

(d) die Raad se werkverrigting moet monitor.”]

Wysiging van artikel 9 van Wet 8 van 2010

5. Artikel 9 van die Hoofwet word hiermee gewysig deur die vervanging van paragraaf (c) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf:

“(c) hy of sy, ten tyde van die aanstelling [, **of gedurende die voorafgaande twaalf maande**] –

(i) ’n persoon is [bedoel in artikel 8(1) van die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie No. 103 van 1994) **is of was**] wat in diens geneem is deur –

(aa) ’n “staatsorgaan”, soos omskryf in artikel 239 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996;

(bb) ’n “openbare entiteit” soos omskryf in die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999);

[(cc) ’n politieke party;]

[(dd)](cc) enige provinsiale Wetgewer; of

[(ee)](dd) die Nasionale Wetgewer; of

(ii) ’n persoon wat ’n amptelike ampsbekleër is [of was].”.

Wysiging van artikel 10 van Wet 8 van 2010

6. Artikel 10 van die Hoofwet word hiermee gewysig deur die vervanging van paragraaf (b) van subartikel (3) deur die volgende paragraaf:

“(b) ’n beëdigde verklaring deur die benoemde waarin die benoemde bevestig dat hy of sy nie ingevolge artikel 9 onbevoeg is nie[: **Met dien verstande dat indien die benoemde weens ’n misdryf skuldig bevind is soos bedoel in artikel 9(1)(j), sodanige benoemde ’n beëdigde verklaring moet voorsien waarin hy of sy volle besonderhede van enige skuldigbevinding bekend moet maak en bevestig dat hy of sy nie ingevolge enige ander van die bepalings van artikel 9 onbevoeg is nie**].”.

Wysiging van artikel 13 van Wet van 2010

7. Artikel 13 van die Hoofwet word hiermee geskrap en met die volgende artikel vervang:

“Ampstermyn en heraanstelling

13.(1) Die persone wat in die Raad aangestel is beklee hul amp vir ’n tydperk van

drie jaar en is, behoudens artikel 9, herverkiesbaar by verstryking van sodanige termyn: Met dien verstande dat geen persoon heraangestel kan word nadat 'n tydperk van twee ampstermyne op die Raad gedien is nie.

(2) Wanneer 'n persoon aangestel word om 'n vakature op die Raad vir die oorblywende tydperk van 'n termyn van drie jaar te vul, word sodanige dienstydperk op die Raad nie beskou as 'n termyn, vir die doeleindes van die bepaling van bevoegdheid vir heraanstelling, nie.

(3) Nieteenstaande subartikel (1), by die verstryking van 'n ampstermyne, en sou dit gebeur dat 'n nuwe Raad nog nie aangestel is nie, moet die bestaande lede voortgaan om hul amp te beklee totdat 'n nuwe Raad aangestel is: Met dien verstande dat hierdie verlenging nie 90 dae moet oorskry nie."

Wysiging van artikel 14 van Wet van 2010

8. Artikel 14 van die Hoofwet word hiermee gewysig deur –

(a) die vervanging van die artikelopskrif deur die volgende artikelopskrif:

"Vakatures, ontslag, skorsing, beëindiging, bedanking uit amp en vul van vakatures"; en

(b) die invoeging van die volgende nuwe subartikels na subartikel (2):

(2A) Die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad kan 'n lid enige tyd skors nadat hy of sy met verrigtinge begin het om die ampstermyne van sodanige lid ingevolge subartikel (2) te beëindig.

(2B) Die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad kan, na behoorlike navraag, die Raad ontbind indien dit nalaat om –

(a) sy vertrouenspligte te vervul; en/of

(b) sy pligte ingevolge artikel 7 uit te voer.

Wysiging van artikel 22 van Wet van 2010

9. Artikel 22 van die Hoofwet word hiermee gewysig deur die vervanging van paragraaf

(b) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf:

"(b) aan 'n komitee ingevolge artikel 18 ingestel, 'n werknemer, of enige ander persoon of liggaam, enige van sy bevoegdhede, pligte of funksies bedoel in artikel 7(1)(f), (1)(h), (1)(j), (1)(k), (1)(l), (1)(n), (2)(a), (2)(f), (2)(g), (2)(i), (2)(j), (2)(l), (2)(m), (2)(n), (2)(o), (2)(p), (2)(q), (2)(r) en (2)(s) delegeer."

Wysiging van artikel 23 van Wet van 2010

[8.]10. Artikel 23 van die Hoofwet word hiermee gewysig deur die vervanging van subartikel (1) deur die volgende paragraaf::

“(1) Die Raad moet, in oorlegpleging met die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad, ‘n toepaslik gekwalifiseerde, vaardige en ervare persoon as Hoof-Uitvoerende Beampte van die Raad aanstel.”

Wysiging van artikel 24 van Wet 8 van 2010

[9.]11. Artikel 24 van die Hoofwet word hiermee gewysig deur die invoeging na subartikel (2) van die volgende nuwe subartikel:

“(3) Onder enige omstandighede waarin die Raad nie in staat is om lisensies en registrasiesertifikate te hernu, of om oortredings van die Wet of die reëls te hanteer nie, moet die Hoof- Uitvoerende Beampte, by ontvangs van skriftelike bevestiging vanaf die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad, en vir 'n tydperk van hoogstens 90 dae –

(a) die volle bevoegdhede, werksaamhede en pligte van die Raad met betrekking tot die hernuwing van lisensies en registrasiesertifikate, uitvoer en aanvaar soos bedoel in die Wet; en

(b) die bevoegdhede van die Raad aanvaar en uitoefen, soos bedoel in artikels 7(1)(k), 7(1)(l), 7(2)(f) en 7(2)(g): Met dien verstande dat die Hoof- Uitvoerende Beampte eers 'n onafhanklike regspraktisyn aanstel om saam met die Hoof- Uitvoerende Beampte voor te sit by enige navrae wat gemaak word ingevolge paragrawe (a) en (b).”.]

“(3) In omstandighede, insluitend ontbinding van die Raad ingevolge subartikel 14(2B), waarin die Raad nie in staat is om sy bevoegdhede geldig uit te voer en sy funksies en pligte te vervul nie, moet die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad onverwyld vir 'n maksimum tydperk van 180 dae 'n administrateur aanstel wat geskik is vir aanstelling op die Raad ingevolge artikel 8(1) en (2) en wat nie ingevolge artikel 9 onbevoeg is vir aanstelling op die Raad nie, om die volle bevoegdhede, funksies en pligte van die Raad te aanvaar en uit te voer, soos beoog in die Wet.”

Invoeging van artikel 30A in Wet 8 van 2010

[9.]12. Die volgende artikel word hiermee in die Hoofwet ingevoeg na artikel 30 –

"Lisensievoorwaardes

30A. (1) Die Raad mag, nadat die lisensiehouer of geregistreerde eers 'n geleentheid gegun is om verhoë te rig, voorwaardes opleë wat –

(a) duidelik en ondubbelsinnig;

(b) objektief meetbaar; en

(c) redelik haalbaar,

is by die uitreiking van enige lisensie of registrasiesertifikaat, of by die hernuwing van enige lisensie of registrasiesertifikaat.

(2) 'n Lisensiehouer of geregistreerde mag, te eniger tyd, by die Raad aansoek doen om enige voorwaarde te wysig, vervang of herroep, waarop die Raad die aansoek kan toestaan of weier: Met dien verstande dat, in alle gevalle waar die wysiging, vervanging of herroeping van enige voorwaarde verbonde aan 'n lisensie die potensiaal het om die verwesenliking of bevordering van die Raad se oogmerke, ingevolge artikel 6 van die Wet, te raak mag die Raad sodanige voorwaarde wysig, vervang of herroep slegs in oorleg met die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad.

(3) Waar die aansoek toegestaan is, moet die Hoof- Uitvoerende Beampte verseker dat die wysiging, vervanging of herroeping op die lisensie of registrasiesertifikaat bekragtig word.

(4) Benewens –

(a) die bepaalde bevoegdhede van die Raad om lisensie- of registrasievoorwaardes op te lê, soos voorsien word elders in hierdie Wet; en

(b) bepaalde verpligte lisensie- of registrasievoorwaardes, soos elders in hierdie Wet voorsien,

mag die Raad die tipes lisensievoorwaardes soos gelys in subartikel (5) opleë.

(5) Behoudens subartikel (4) en ondanks die Raad se algemene bevoegdheid om onbepaalde lisensie- of registrasievoorwaardes op te lê, mag die Raad nie [slegs] lisensie- of registrasievoorwaardes opleë wat [nie] teenstrydig is met enige bepaling van hierdie Wet, of met enige nasionale wetgewing nie, en wat betrekking het op –

- (a) die oogmerke van die Raad ingevolge artikel 6;
- (b) enige bepalings, voorwaardes, opdrag of bepaling uitgereik of gemaak deur die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad ingevolge artikels 6, 47, 89 en 137; of
- (c) strafbepalings op 'n lisensiehouer of geregistreerde, deur die Raad opgelê onder omstandighede waar die Raad bevind het sodanige lisensiehouer of geregistreerde hierdie Wet oortree het.

(6) Die Raad moet 'n voorwaarde op elke lisensie oplê en sodanige voorwaarde moet verklaar dat die lisensie moet verval en nie hernu kan word nie, sou die lisensiehouer versuim om met die bedryf van 'n wedderybesigheid ingevolge sodanige lisensie te begin, binne 24 maande vanaf sodanige lisensie vir die eerste keer aan die lisensiehouer uitgereik is: Met dien verstande dat die Raad, waar die lisensiehouer sodanige verlenging versoek het en die Raad voorsien het van voldoende motivering en bewys om goedkeuring van die versoek te regverdig, hierdie 24-maande tydperk mag verleng deur 'n maksimum tydperk van 'n verdere 12 maande.

(7) Nieteenstaande subartikel (2), mag die verpligte voorwaarde bedoel in subartikel (6) nie deur die Raad gewysig word nie."

Wysiging van artikel 32 van Wet 8 van 2010

[10.113. Artikel 32 van die Hoofwet word hiermee gewysig deur die vervanging van paragraaf (a) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf:

"(a) is 'n persoon wat –

- (i) [‘n persoon bedoel in artikel 8(1) van die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie No. 103 van 1994) is of aangekla is van enige besluitnemings- of krimineel afdwingbare funksie wat met dobbelary of die regulering daarvan verband hou;] in diens is van –

(aa) 'n "staatsorgaan", soos omskryf in artikel 239 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996;

(bb) 'n "openbare entiteit" soos omskryf in die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999);

[(cc) 'n politieke party;]

- (dd) (cc) enige provinsiale Wetgewer; of
(ee) (dd) die Nasionale Wetgewer; en
(ii) 'n politieke ampsdraer is; of
(iii) 'n lid van 'n rekenpligtige owerheid van 'n openbare entiteit soos omskryf in artikel 1 en bedoel in artikel 49 van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999);”.

[Invoeging van artikel 32A in Wet 8 van 2010

11. Die volgende artikel word hiermee ingevoeg in die Hoofwet na artikel 32 –

“Duur van werknemersregistrasie

32A.(1) Hierdie artikel is van toepassing op alle natuurlike persone wat werknemers is van lisensiehouers of geregistreerdes en van wie vereis word om geregistreer te word by die Raad ingevolge enige bepaling van hierdie Wet of die Regulasies.

(2) 'n Werknemersregistrasiesertifikaat, tensy deur die Raad gekanselleer, is geldig vir 'n tydperk van minstens 36 maande vanaf die uitreikingsdatum.

(3) Na aanleiding van die 36 maande tydperk, bedoel in subartikel (2), is 'n registrasiesertifikaat geldig vir 'n verdere tydperk wat eindig op die laaste dag van die geregistreerde werknemer se geboortemaand, wat volg op die volgende herdenking van die geregistreerde werknemer se verjaarsdag, tensy dit hernu word ingevolge subartikel (4).

(4) Aansoek om die hernuwing van 'n registrasiesertifikaat wat uitgereik is aan 'n werknemer ingevolge hierdie Wet moet gemaak word op die voorgeskrewe wyse van die Raad en moet vergesel gaan van die tersaaklike fooi gespesifiseer in Bylae 2.”.]

Wysiging van artikel 40 van Wet 8 van 2010

[12.]~~14.~~ Artikel 40 van die Hoofwet word hiermee gewysig deur die vervanging van subparagraaf (ii) van paragraaf (g) van subartikel (1) deur die volgende subparagraaf:

“(ii) nie in alle belangrike aspekte voldoen aan [’n nasionale norm of standaard]

’n toepaslike verpligte spesifikasie of aan ’n norm of standaard wat deur die Raad bepaal word nie; of.”

Wysiging van artikel 43 van Wet 8 van 2010

[13.]15. Artikel 43 van die Hoofwet word hiermee gewysig –

(a) deur die vervanging van die artikelopskrif deur die volgende artikelopskrif:

“Oordrag van lisensie of registrasiesertifikaat”;

[(a)](b) deur die vervanging van subartikel (1) deur die volgende subartikel:

“(1) ’n Lisensiehouer of ’n geregistreerde soos beoog in hoofstuk 10 wat nie ’n werknemer van ’n lisensiehouer of geregistreerde is nie, kan [te eniger tyd] ten minste 60 dae voor die beoogde datum van inwerkingtreding van oordrag by die Raad aansoek doen om [sy of haar] sodanige lisensie of registrasiesertifikaat na iemand anders te laat oordra en in so ’n geval is die bepalings van artikels 30, 31, 32, 33, 34, 35, 36, 37 en 38 met die nodige veranderinge onmiddellik van toepassing op die persoon na wie sodanige lisensie of sertifikaat oorgedra moet word.”; en

(b) deur die vervanging van subartikel (3) deur die volgende subartikel:

“(3) Indien ’n aansoek toegestaan word, moet die Hoof- Uitvoerende Beampte [die naam van die lisensiehouer toepaslik op die lisensie laat verander] ’n lisensie of registrasiesertifikaat uitreik, na gelang van die geval, aan die nuwe lisensiehouer van sodanige lisensie of registrasiesertifikaat.”.

Invoeging van artikel 43A in Wet 8 van 2010

[14.]16. Die volgende artikel word hiermee ingevoeg in die Hoofwet na artikel 43 –

“Finansiële belange

[43A.(1) Die Raad moet, van tyd tot tyd en stelselmatig, verseker dat persone wat ’n finansiële belang in ’n lisensiehouer of geregistreerde bekom nie onbevoeg verklaar word om sodanige belang te hou nie, uit hoofde van artikel 32 van hierdie Wet.

(2) ’n Lisensiehouer of geregistreerde begaan ’n misdryf wanneer daar versuim word om die besonderhede van enige verkryging van ’n finansiële

belang van vyf persent of meer in sodanige lisensiehouer of geregistreerde deur enige persoon aan die Raad bekend te maak, sodra 30 dae verloop het sedert die lisensiehouer of geregistreerde bevestig het dat sodanige verkryging plaasgevind het, of daar redelikerwys verwag sou word dat sodanige verkryging bevestig sou word: Met dien verstande dat van 'n openbare maatskappy vereis word, nadat sekuriteite wat op enige beurs verhandel word op die noteringslys geplaas is, om binne slegs elke ses maande, wat volg op die uitreiking van die lisensie of registrasiesertifikaat, te bevestig dat sodanige verkryging plaasvind het, en verslag lewer op, sodanige verkryging.

(3) Waar 'n lisensiehouer of geregistreerde 'n openbare maatskappy is en sekuriteite, wat op enige beurs verhandel word, op die noteringslys geplaas het, bybehorend tot die kennisgewing bedoel in subartikel (2), moet sodanige lisensiehouer of geregistreerde tegelykertyd 'n opgedateerde sekuriteiteregister aan die Raad voorlê.

(4) Daar word van die verkryger van enige finansiële belang in 'n lisensiehouer of geregistreerde, of in 'n beheermaatskappy van sodanige lisensiehouer of geregistreerde, vereis word om die besonderhede van sodanige verkryging aan die Raad bekend te maak binne 60 dae nadat sodanige verkryging plaasgevind het en op die voorgeskrewe wyse van die Raad.

(5) Die verkryger van 'n finansiële belang van vyf persent of meer in 'n lisensiehouer of geregistreerde van die besigheid waarop die lisensie of registrasie betrekking het, moet aansoek doen om magtiging ten einde sodanige finansiële belang te behou deur die prosedures en vereistes, bedoel in artikels 32, 33, 34, 35, 36, 37 en 38, te volg wat van toepassing sal wees op die aansoek, met die nodige veranderinge.

(6) Wanneer die Raad vermoed, op redelike en objektiewe gronde, dat 'n verkryger van 'n finansiële belang van minder as vyf persent in 'n lisensiehouer of geregistreerde van die besigheid waarop die lisensie of registrasie betrekking het, kan die verkryger ingevolge artikel 32 onbevoeg

verklaar word om sodanige finansiële belang te behou en die Raad kan van sodanige verkryger vereis om aansoek te doen om magtiging ten einde sodanige finansiële belang te behou deur die prosedures en vereistes, bedoel in artikels 32, 33, 34, 35, 36, 37 en 38, te volg wat van toepassing sal wees op die aansoek, met die nodige veranderinge.

(7) Die beheermaatskappy van enige filiaal wat gelisensieerd of geregistreer is kragtens hierdie Wet word verplig deur die vereistes van subartikels (2) en (3) asof sodanige beheermaatskappy op sigself gelisensieer of geregistreer is kragtens hierdie Wet en enige sodanige beheermaatskappy wat versuim om aan hierdie bepalings te voldoen is skuldig aan 'n misdryf: Met dien verstande dat die Raad nie 'n lisensie of registrasie moet uitreik aan 'n volle filiaal of 'n ander regspersoon nie.

(8) 'n Volle filiaal of ander regspersoon, wat op die datum waarop hierdie artikel gepromulgeer is, is steeds gelisensieer of geregistreer kragtens hierdie Wet, en moet ingevolge artikel 43 van hierdie Wet aansoek doen by die Raad om magtiging vir die oordrag van sodanige lisensie of registrasiesertifikaat aan sy beheermaatskappy, nie later nie as 120 dae na promulgering van hierdie artikel. Versuim daarvan sal lei tot die verval van sodanige lisensie of registrasiesertifikaat.

(9) Vir die doeleindes van hierdie artikel beteken –

“aandelebeurs”, wanneer gebruik as 'n selfstandige naamwoord, aandelebeurs soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Finansiële Markte, 2012 (Wet No. 19 van 2012);

“beheermaatskappy” beheermaatskappy soos omskryf in artikel 1 van die Maatskappywet, 2008 (Wet No. 71 van 2008);

“filiaal” filiaal soos omskryf in artikel 1 van die Maatskappywet, 2008 (Wet No. 71 van 2008);

“genoteerde sekuriteite” sekuriteite op die noteerlys geplaas, soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Finansiële Markte, 2012 (Wet No. 19

van 2012);

"openbare maatskappy" openbare maatskappy soos bedoel in artikel 8 van die Maatskappywet, 2008 (Wet No. 71 van 2008);

"sekuriteite" sekuriteite soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Finansiële Markte, 2012 (Wet No. 19 van 2012);

"sekuriteiteregister" 'n sekuriteiteregister soos omskryf in artikel 1 van die Maatskappywet, 2008 (Wet No. 71 van 2008);

"volle filiaal of ander regspersoon" dra die betekenis bedoel in artikel 3(1)(b) van die Maatskappywet, 2008 (Wet No. 71 van 2008);".]

43A.(1) Die Raad moet lisensiehouers en geregistreerdes op deurlopende grondslag monitor om die risiko te verminder dat persone wat 'n finansiële belang in 'n lisensiehouer of geregistreerde bekom, onbevoeg verklaar word om sodanige belang te behou, uit hoofde van artikel 32 van hierdie Wet.

(2) 'n Lisensiehouer of geregistreerde moet besonderhede oor enige verkryging deur enige persoon van 'n regstreekse of onregstreekse finansiële belang van tien present of meer in die lisensiehouer of geregistreerde aan die Raad openbaar maak en wel binne 30 dae na sodanige verkryging, op die wyse soos deur die Raad voorgeskryf, indien die verkryger 'n institusionele belegger, 'n openbaar verhandelde belegger, 'n bewaringsinstelling, 'n sentrale effekdebewaarplek, of 'n openbare maatskappy is met effekte genoteer op 'n effektebeurs.

(3) Enige verkryger van 'n regstreekse of onregstreekse finansiële belang in 'n lisensiehouer of geregistreerde van vyf present of meer van die besigheid waarop die lisensie of registrasie betrekking het, moet aansoek doen om magtiging ten einde sodanige finansiële belang te behou deur die prosedures en vereistes, bedoel in artikels 32, 33, 34, 35, 36, 37 en 38, te volg wat van toepassing sal wees op die aansoek, met die nodige veranderinge.

(4) Vir die doeleindes van hierdie artikel beteken –

"effekte" effekte soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Finansiële Markte, 2012 (Wet No. 19 van 2012);

"effektebeurs" effektebeurs soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Finansiële Markte, 2012 (Wet No. 19 van 2012);

"genoteerde effekte" genoteerde effekte soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Finansiële Markte, 2012 (Wet No. 19 van 2012); en

"openbare maatskappy" 'n openbare maatskappy soos beoog in artikel 8 van die Maatskappywet, 2008 (Wet No. 71 van 2008)."

Wysiging van artikel 44 van Wet 8 van 2010

[15.]17. Artikel 44 van die Hoofwet word hiermee gewysig –

(a) deur die vervanging van subartikel (1) deur die volgende subartikel:

"(1) 'n Lisensiehouer, of geregistreerde wat nie 'n werknemer van 'n lisensiehouer of geregistreerde is nie, kan te eniger tyd aansoek doen om goedkeuring vir die hervestiging [verskuiwing], hetsy permanent of tydelik, van [sy of haar] die [besigheid] sakebedrywigheede van sodanige lisensiehouer of geregistreerde, van die perseel wat in die lisensie of registrasiesertifikaat vermeld word, na 'n ander perseel."; en

(b) deur die invoeging na subartikel (3) van die volgende nuwe subartikels:

"(4) Die Raad moet prosedures voorskryf wat gevolg moet word by die aansoek doen om goedkeuring, soos bedoel in subartikel (1).

(5) 'n Aansoek, soos bedoel in subartikel (1), moet vergesel gaan van die voorgeskrewe fooi in Bylae 2."

Wysiging van artikel 47 van Wet 8 van 2010

[16.]18. Artikel 47 van die Hoofwet word hiermee gewysig –

(a) deur die vervanging van subartikel (2) deur die volgende subartikel:

"(2) Die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad moet, wanneer 'n opdrag uitgereik word ingevolge subartikel (1), dit doen in oorlegpleging met die Uitvoerende Raad en na oorlegpleging met die Raad [, die Portefeuljekomitee en enige portefeuljekomitee wat deur die Provinsiale Wetgewer aangestel is wat verantwoordelik is vir toesig oor

departemente wat aangeleenthede administreer wat toerisme en ekonomiese aangeleenthede behels].”; en

(b) deur die vervanging van subartikel (3) deur die volgende subartikel:

“(3) Die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad kan, in oorlegpleging met die Uitvoerende Raad en na oorlegpleging met die Raad [, **die portefeuljekomitees vermeld in subartikel (2)]** en enige houer van ’n casinolisensie uitgereik ingevolge artikel 51, wat geraak sal word deur die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad se besluit ingevolge hierdie subartikel, ’n opdrag wat ingevolge hierdie artikel uitgereik word, wysig of herroep.”.

Wysiging van artikel 53 van Wet 8 van 2010

[17.]19. Artikel 53 van die Hoofwet word hiermee gewysig deur die skapping van subartikels (4) en (5).

Herroeping van artikel 54 van Wet 8 van 2010

[18.]20. Artikel 54 van die Hoofwet word hiermee geskrap.

Wysiging van artikel 55 van Wet 8 van 2010

[19.]21. Artikel 55 van die Hoofwet word hiermee gewysig –

(a) deur die vervanging van subartikel (1) deur die volgende subartikel:

“(1) Geen persoon mag ’n perseel in stand hou waar casinodobbeltmasjiene, elektroniese bingoterminale of beperkte uitbetaalmasjiene gespeel word nie, tensy [hy of sy] sodanige persoon in besit is van ’n toepaslike geldige [casino] lisensie, [bingolisensie, onafhanklike perseeloperatorslisensie of ’n perseeloperatorslisensie] uitgereik ingevolge hierdie Wet.”; en

(b) deur die vervanging van subartikel 2 deur die volgende subartikel:

“(2) Geen persoon mag [–

(a) casinodobbeltmasjiene of beperkte uitbetaalmasjiene beskikbaar stel vir gebruik in enige gelisensieerde perseel nie;

(b) die gereelde instandhouding of die herstel, vervanging of opknapping van ’n casinodobbeltmasjiene of beperkte

uitbetaalmasjiene in sodanige perseel onderneem nie;en] die regte uitoefen van, of [(c)] enige [ander] voorgeskrewe aktiwiteite van 'n [roete-operateur bedryf nie, tensy hy of sy in besit is van 'n casinolisensie, roete-operateurslisensie, perseeloperatorslisensie of onafhanklike perseeloperatorslisensie] lisensiehouer bedryf nie, tensy sodanige persoon in besit is van 'n toepaslike lisensie uitgereik ingevolge hierdie Wet.”.

Wysiging van artikel 57 van Wet 8 van 2010

[20.]22. Artikel 57 van die Hoofwet word hiermee gewysig deur die skapping van subartikels (4) en (5).

Wysiging van artikel 59 van Wet 8 van 2010

[21.]23. Artikel 59 van die Hoofwet word hiermee gewysig deur die vervanging van paragraaf (a) deur die volgende paragraaf:

“(a) van 'n tipe en model is wat nie voldoen aan [‘n nasionale norm of standaard] ‘n toepaslike verpligte spesifikasie nie of, indien daar geen [nasionale norm of standaard] toepaslike verpligte spesifikasie is nie, [nie voldoen aan] ‘n norm [en] of standaard wat deur die Raad in sy reëls bepaal is;”.

Wysiging van artikel 62 van Wet 8 van 2010

[22.]24. Artikel 62 van die Hoofwet word hiermee gewysig –

(a) deur die vervanging van paragraaf (d) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf:

“(d) [standaarde en] vereistes met betrekking tot die casinodobbelttoerusting wat in 'n bingosaal geplaas, gebruik en bedryf word;”; en

(b) deur die skapping van subartikels (4) en (5).”.

[Wysiging van artikel 69 van Wet 8 van 2010

23. Artikel 69 van die Hoofwet word hiermee gewysig –

- (a) deur die invoeging van die woord “of” na paragraaf (d); en
- (b) deur die invoeging na paragraaf (d) van die volgende nuwe paragraaf:
“(e) die hernuwing van registrasie word betaalbaar ingevolge artikel 32A.”.]

Wysiging van artikel 73 van Wet 8 van 2010

[24.]25. Artikel 73 van die Hoofwet word hiermee gewysig deur die vervanging van paragraaf (b) deur die volgende paragraaf:

“(b) alle regstreekse uitgawes betaal wat die Raad aangaan het ten opsigte van enige ondersoeke wat hy ingevolge artikel 35 en artikel 37, ingesluit die kostes aangegaan ten opsigte van die tyd gespandeer deur werknemers van die Raad terwyl ondersoek ingestel word waar die kostes verskyn as ’n tarief in Bylae 2, onderneem het: Met dien verstande dat die Raad ’n aansoeker kan aansê om sodanige sekuriteit by hom te deponeer wat hy bepaal voordat enige ondersoek bedoel in voornoemde artikel onderneem word.”.

Wysiging van artikel 77 van Wet 8 van 2010

[25.]26. Artikel 77 van die Hoofwet word hiermee gewysig –

- (a) deur die vervanging van subartikel (1) deur die volgende subartikel:

“(1) Alle persone wat gelisensieer is ingevolge hierdie Wet moet [, kragtens artikel 129,] die belasting aan die Provinsiale Inkomstefonds betaal wat opgelê is ingevolge die KwaZulu-Natal Belastingwet op Dobbelaar en Weddery, 2010 (Wet No. 9 van 2010)[.] ,op die voorgeskrewe wyse en, terselfdertyd, ’n belastingopgawe indien by beide die Raad en die Provinsiale Tesourie, op die voorgeskrewe wyse.”; en

- (b) deur die invoeging na subartikel (2) van die volgende nuwe subartikels:

“(3) Die Provinsiale Tesourie moet enige vereiste verspreiding van ’n gedeelte van die belasting ontvang teweegbring, soos voorgeskryf deur die KwaZulu-Natal Belastingwet op Dobbelaar en Weddery, 2010 (Wet No. 9 van 2010), nie later nie as 20 dae na die einde van elke belastingtydperk.

(4) Die Raad moet die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad, op die voorgeskrewe wyse, voorsien van ’n breedvoerige verslag insake die

belasting ontvang en versprei deur die Provinsiale Tesourie, nie later nie as 25 dae na die einde van elke belastingtydperk."

(5) Belasting word betaalbaar aan die einde van elke belastingtydperk en elke lisensiehouer moet belasting wat verskuldig is betaal, nie later nie as 'n tydperk van hoogstens 10 dae nie, na die einde van elke belastingtydperk.

(6) Vir die doeleindes van hierdie artikel beteken "belastingtydperk" 'n kalendermaand."

Wysiging van artikel 78 van Wet 8 van 2010

[26.]27. Artikel 78 van die Hoofwet word hiermee gewysig deur die vervanging van artikel 78 deur die volgende subartikels:

"Straf vir laat betaling

78.(1) By versuim om enige geld, belasting of heffing of deel daarvan op die vervaldatum te betaal, word die lisensie van die betrokke persoon geag onmiddellik opgeskort te wees totdat die geld, belasting of heffing betaal word, tesame met die voorgeskrewe boeterente.

(2) Indien 'n lisensie ingevolge hierdie artikel opgeskort word, word die aktiwiteit wat deur die lisensie gemagtig word, **[ook opgeskort]** gestaak: Met dien verstande dat staking van die vermelde aktiwiteit slegs deur die Raad afdwingbaar is 24 uur nadat 'n lisensiehouer of geregistreerde skriftelik deur die Raad in kennis gestel is van die versuim om te betaal en sodanige lisensiehouer of geregistreerde het, daarna, versuim om die fooi, belasting of heffing te betaal, tesame met die voorgeskrewe boeterente, voor die verstryking van die 24-uur tydperk.

(3) Die voorgeskrewe renteboete moet in die Provinsiale Inkomstefonds gestort word."

Wysiging van artikel 89 van Wet 8 van 2010

[27.]28. Artikel 89 van die Hoofwet word hiermee **[geskrap en vervang]** gewysig deur die vervanging van artikel 89 met die volgende artikel –

"Renbaanoperateurslisensie

[89.(1) 'n Korporatiewe liggaam kan by die Raad op die voorgeskrewe wyse aansoek doen om die uitreiking van een of meer van die volgende tipes renbaanoperateurslisensies –

(a) 'n eksklusiewe reg-renbaanoperateurslisensie, wat die houer van sodanige lisensie magtig om wedrenbyeenkomste vir volbloedperde op een of meer renbane, gespesifiseer in die lisensie, te hou en om 'n totalisatorlisensie te verkry wat, beurtelings, die totalisatorlisensiehouer magtig om 'n totalisator op 'n volbloedperdewedren by 'n sportgebeurtenis of by 'n ander goedgekeurde gebeurtenis of gebeurlikheid te bedryf;

(b) 'n standaardgeteelde renbaanoperateurslisensie, wat die houer van sodanige lisensie magtig om standaardgeteelde perdewedrenbyeenkomste op een of meer bane gespesifiseer in die lisensie te hou en om 'n totalisatorlisensie te verkry wat, beurtelings, die totalisatorlisensiehouer magtig om 'n totalisator op slegs 'n standaardgeteelde perdewedren te bedryf; of

(c) 'n tuiqwedren-perderenbaanoperateurslisensie, wat die houer van sodanige lisensie magtig om tuiqwedren-perdewedrenbyeenkomste op een of meer bane, gespesifiseer in die lisensie, te hou en om 'n totalisatorlisensie te verkry wat, beurtelings, die totalisatorlisensiehouer magtig om 'n totalisator op slegs 'n tuiqwedren-perdewedren te bedryf.

(2) Die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad moet opdragte uitreik aan die Raad met betrekking tot –

(a) 'n enkel eksklusiewe reg renbaanoperateurslisensie om uitgereik te word in die Provinsie;

(b) die tydperk van geldigheid vir sodanige lisensie wat minstens 15 jaar moet duur;

(c) die beskerming van die bestaande perdewedren-infrastruktuur in die Provinsie; en

